

DIE HUISGENOOT

VERENIG MET ONS MOEDERTAAL

Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van Dr. H. G. Viljoen.

Uitgewers: Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad

Deel X.. No. 180.]

21 AUGUSTUS 1925.

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. Prys 4d.

DIS nie die eerste keer dat die Kaapse Orkes in geldsorge sit nie; maar soos hierdie slag, so naby die ondergang, het dit nog nie gewees nie. Die laaste dae is dit maar baie stil; ons kan nie sê of dit die vrouens wat die reuswerk op hulle skouers geneem het om die Orkes te red, sal geluk om die nodige geld te verkry nie. Seker is dit dat hulle baie hard werk om die arme Orkes, wat nou net 'n lekker reisie na Engeland gemaak het, uit die put te haal. Die Komitee het dit tog so baie goed gemeen om die mense in Engeland te laat hoor watter musiek ons in die Kaap kan maak en watter geleerde dirigent ons het. Nou ja, dis waar. Maar ons het tog nooit kan dink dat die Komitee en die Orkeslede so onskuldig sou gewees het om te veronderstel dat hulle so mooi speel dat die mense sou toestroom om vir hul te kom hoor teen 'n toegangsprys baie hoër as vir Engelse konserte nie. Daar het glad nie mense gekom om die Orkes te hoor nie. Nou mag ons daaroor nie meer praat nie, so sê die Reddingskomitee, want hulle het tog in hul onskuld gemeen dat hulle Suid-Afrika gaan publiseer. Gedane sake neem glad nie 'n keer nie, sê hulle. Die vrouens kan nou maar net werk om te trag dat die Kapenaars wat gewillig is om 'n som geld af te staan om die Orkes te red, hulle tjeks instuur. Maar nou is die moeilikheid dat die mense nie so gewillig lyk om die onkoste te dek nie. Die reis het £5,000 gekos; dan was daar nog 'n groot tekort van verlede jaar, en geld is daar glad nie.

En nou is die saak so: Ek weet van baie mense wat altoos baie van die Orkes gedink het en intekenaars gewees het so lank as die Orkes bestaan, dog wat nou weier om na die konserte te gaan en ook om die Orkesnood te help, juis omdat hulle, teen goeie raadgewings in, die reis onderneem het en nou verwag dat Kapenaars die tekort sal betaal. Die reis het baie skade gedoen aan ons musieklewe, omdat die vertroue in die bestuur geskok is.

Vanaf die jaar 1921 het die tekort al begin. Die Komitee het getrag om te besuinig deur maar altoos die getal Orkeslede te verminder, en nou is die Orkes so klein as miskien geen twede op die wêreld wat 'n stadsubsidie ontvang nie. Ons sal die laaste wees om nie die voordeel vir Kaapstad om 'n eie orkes te besit in te sien nie en watter hoë plaas in 'n land 'n stad met sy eie orkes inneem. Maar ons moet ook die keersy bekyk. Die nodige geld sal seker verkry word; Kaapstad is te trots op dié instelling om dit te laat verlore gaan. Maar so lank as die Orkes nie op 'n stewige, soliede basis geplaas word nie, sal daar maar altoos 'n tekort wees. Op die

Die benarde toestand van die Kaapse Orkes

HOE KAN ONS DIE ORKES BEHOU?

'N UNIE-ORKES AS OPLOSSING.

Deur Joh. Luijt.

oomblik is ons tevrede met die klein orkes-sie. Maar hoe lank sal dit duur? As mnr. Leslie Heward 'n werk dirigeer met kleur en krag, dan kan die strykorkes maar stibly, want ons kan sien dat die strykers baie werk, maar ons kan niks hoor soos die koperinstrumente raas nie.

Die arme publiek moet altoos hoor dat hulle die Orkes nie steun nie, nie waardeer nie, en dat hul nie wil opgevoed word nie. Die bevolking van Kaapstad en omstreke is baie klein, en om die Orkes te steun sou 'n mens alle dae na die konserte moet gaan, want hulle vind daagliks plaas. Dis tog nie moontlik nie. In die tien jaar van sy bestaan het ons oorvoer geword met orkes-konserte, sodat die mense nooit tyd gehad het of lus gevoel het om plaaslike artieste te steun as hul 'n konsert wou gegee het nie. Wat moet tans gedoen word?

Vroeër het party mense die voorstel gedoen om van die Kaapse Orkes 'n Unieorkes te maak. Die teenstanders was toe in die meerderheid. En tog lyk dit die enige oplossing. Die Durbanse Munisipale Orkes moet ook veg vir sy bestaan. Johannesburg het al bykans twee jaar geprobeer om 'n orkes op te rig, maar hulle is bang vir die finansiële moeilikhede; hulle sien hoe swaar Kaapstad en Durban dit kry om die lewe te kan behou. Kaapstad en Durban se orkeste sou amalgameer kan word, en die twee tesame sou 'n pragorkes maak. Oos-Londen is nou besig om 'n militêre orkes op te rig, en later miskien 'n munisipale. Die Stadsraad adverteer vir 'n dirigent. Bloemfontein sou regtig bly wees om vir 'n paar maande in die jaar goeie musiek te kan hoor. Hierdie vyf stede sou die Unieorkes vir 'n bepaalde tyd in die jaar as hulle eie kan beskou en ieder stad sy eie dirigent hê. Gedurende die tyd dat ons dirigent sonder sy gewone werk is, kan hy militêre konserte gee op die Seehoof en in die Goewermentslaan. Ons het baie goeie militêre orkeste en pragtige musiek-tente waar hulle in kan speel. Dan is daar nog die Uitsaaistasie, waar die dirigent baie werk kan verrig solank die Unieorkes in ander plekke speel. Artieste uit Engeland

of ander lande sou dan ook meer kans kry om 'n groot publiek te trek. Dis alles so eenvoudig. En tog lyk die saak geweldig swaar. Na ons verneem, is die moeilikheid meer 'n persoonlike kwessie onder die Komitee lede as die onmoontlikheid om 'n Unieorkes te stig.

Ek is seker dat die Stadsrade van die genoemde stede die saak sal wil steun. Daar word altoos gepraat oor die onwilligheid van die Stadsraad om die Orkes 'n groter toelaag te laat kry, maar £7,500 elke jaar is nie min vir 'n klein stad soos Kaapstad nie. Laat ons hoop dat Kaapstad nie een dag sal ontwaak met die oortuiging dat die Kaapse Orkes tot die verlede behoer, soos dikwels voorspel is, as die publiek weier om hul geldelike steun te gee nie, maar laat ons weet dat die Stadsrade 'n Unieorkes gestig het wat nie alleen die trots van Kaapstad sal wees nie, maar die trots van heel Suid-Afrika!

WERWING VAN INTEKERARE.

ONS bied die volgende pryse aan vir die bygaande getal nuwe intekenaars op ontvangs van die volledige adresse met die intekeningsgeld:—

2 intekenaars, 'n „Black Bird“-vulpen;

4 intekenaars, 'n Watermanvulpen of 'n pond-Unieleningsertifikaat.

Dan die volgende boekpryse:—

1 intekenaar: (1) Boesmanstories No. 3, en Boesmanstories No. 4, deur G. R. von Wielligh—prys 10s. Boeke wat die gedagte-wêreld van die Boesman vir ons op onderhoudende wyse vertolk;

of (2) Kaptein Hindon, deur Gustav Preller—prys 8s. 6d. Dit vertel die geskiedenis van die Baasverkenner in die Driejarige Oorlog;

of (3) Die Lewensgeskiedenis van genl. De Wet, deur ds. J. D. Kestell—prys 12s. 'n Waardevolle aanwinst vir elke biblioteek;

of (4) Piet Retief, deur Gustav Preller—prys 10s. Onmisbaar vir Dingaansdagfeesviering;

of (5) Afrikaanse Jaarboek, deur Mevr. Prof. Smith—prys 6s. 6d. Baie geskik vir kinderlektuur;

of (6) Helpmekaargedendenkboek, en Voortrekkermense No. I, deur Gustav Preller—prys tesaam 13s. Die Geskiedenis van die Groot Trek en van die Helpmekaarbeweging;

of (7) Raad in Tyd van Siekte, deur dr. J. van Schalkwyk—prys 12s.

2 intekenaars: Voortrekkermense No. I en II, deur Gustav Preller—prys 16s.